

Sondag 3 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 1:1-7

Fokusgedeelte: Romeine 1:2-4

Die evangelie van God

Die woord “evangelie” word in omtrent 60 keer in die Romeinebrief gebruik. Selfs die kindertjies aan die huisgodsdienstafel sal kan sê dat dié woord “blye boodskap” beteken. Die Ou Testament het oor die blye boodskap geprofeteer. Die Nuwe Testament stel ons aan die Persoon voor wat die inhoud van die blye boodskap is. Jesus Christus, die Seun van God, word mens om mense te red. Sedert die tuin van Eden word die mens in sonde ontvang en gebore (Ps. 51:7). Mense oortree die wet van God en verdien daarom om onder die oordeel van God te kom. God se oordeel is egter ’n verterende vuur. Geen mens kan onder die oordeel van God kom en bly leef nie. Ja, laasgenoemde sinnetjie moet gekwalifiseer word. Alle mense bly ewig leef! Sommige mense leef ewig onder die helse en ewige oordeel van God. Hulle leef onder die koningskap van hulle koning, Satan. Satan regeer tot in ewigheid met sy soort regering, ’n regering van haat en onmin. Aan hierdie kant van die wederkoms werk Satan nog onder die beperkende krag van God. Ná die wederkoms onttrek God Hom daaraan om Satan in die uitoefening van sy mag te beperk. Diegene wat buite Christus sterf, leef dan ’n ewige lewe onder die ongebreidelde heerskappy van Satan.

Die blye boodskap is dat dit nie so hoef te wees nie. Die Seun van God het mens geword om jou van die heerskappy van Satan en van die krag van jou sondige natuur te bevry. Jesus het mens geword om as mens aan die kruis onder die helse oordeel van God te kom. Diegene wat in Christus Jesus is, word van die oordeel van God bevry. Wat ’n blye boodskap! So wonderlik is hierdie evangelie wat in die Romeinebrief opgeteken is dat ’n welsprekende prediker uit die vyfde eeu, Chrysostomos, die Romeinebrief elke week hardop aan hom laat voorlees het. Die Heilige Gees het ook die Romeinebrief gebruik om die bekende kerkvaders Augustinus en Martin Luther tot insig en verstaan van die evangelie te bring.

Indien u die evangelie wil verstaan, bestudeer die Romeinebrief oor en oor, en u sal vreugdevolle ewigheidswaarde daarin vind.

Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2

Ds. JL (Louis) Aucamp (Kemptonpark-Mooifontein)